# FASILITEERDERSGIDS:

# DIE ONSIGBARE KIND




VIR AANBIEDING: GRADE 4 TOT 9

FIONA VAN KERWEL

# INHOUDSOPGAWE


**Sessie 1:** Voorlees van storie ... 6
**Sessie 2:** Leestoets en leer ken die storie ... 16
**Sessie 3:** Letterkundige terme en leer die storie ken ... 25
**Sessie 4:** Literêre opstel ... 28
**Sessie 5:** Visuele geletterdheid en kritiese taalbewustheid ... 31
**Sessie 6:** Skryf 'n gedig ... 35
**Sessie 7:** Maak 'n collage van jou gedig/karakter/storielyn ... 38
**Sessie 8:** Sosiale gedrag en vaardighede ... 39
**Sessie 9:** Sosiale gedrag en vaardighede ... 41
**Sessie 10:** Refleksie en resensie ... 43

**Memorandum:** Sessie 1 ... 45
**Memorandum:** Sessie 2 ... 46
**Memorandum:** Sessie 3 ... 51
**Memorandum:** Sessie 4 ... 53
**Memorandum:** Sessie 5 ... 54
**Memorandum:** Sessie 6 ... 56
**Memorandum:** Sessie 7 ... 57
**Memorandum:** Sessie 8 ... 58
**Memorandum:** Sessie 9 ... 60
**Memorandum:** Sessie 10 ... 62


# VOORWOORD

Enigeen wat die betowerende verhaal *Die onsigbare kind* lees, beleef hoe 'n verskrikte en letterlik onsigbare meisie stelselmatig weer haar stem vind en haar plek in die wêreld inneem. Sy kan floreer danksy die geborgenheid en vriendelikheid wat sy in die Moe-huis vind. Die belangrikheid van inklusiwiteit, verdraagsaamheid en respek bly uiters relevante temas in 'n wêreld waar kinders, en veral dogters, nie altyd sigbaar, veilig en bemagtig voel nie.

Dit is vir PEN Afrikaans 'n voorreg om hierdie verhaal in Afrikaans en isiXhosa te laat vertaal met die wete dat die verhaal met leerders behandel gaan word om die temas by hulle tuis te bring en hul lees- en skryfvaardighede 'n hupstoot te gee.

Dankie vir jou onmisbare aandeel as die opvoeder wat aan die hand van hierdie fasiliteerdersgids die storie vir hulle gaan oopsluit.

Mag hulle in die proses meer empatie, selfvertroue en 'n groter liefde vir lees ontwikkel.

*Die bestuur van PEN Afrikaans*

# HOE OM HIERDIE GIDS TE GEBRUIK

*Die onsigbare kind fasiliteerdersgids* is ontwerp om lees-, skryf- en denkvaardighede op 'n genotvolle en hanteerbare manier te ontwikkel. Die storie is deel van die Moemin-reeks en is ook internasionaal beskikbaar in ander tale. Met die vertaling van die verhaal in Afrikaans het leerders en lesers die geleentheid om die storie op 'n prettige wyse in hul moedertaal te leer ken en verstaan.

Met die begeleiding van die fasiliteerders kan leerders dit ook op 'n opvoedkundige wyse benut. Die KABV-vereistes vir die ondersoek na 'n letterkundige teks is in hierdie gids getrou nagevolg. Die aanbied en uitvoer van opdragte kan op verskillende vlakke geskied. Dit maak die storie en die gids toepaslik vir verskillende grade. Verder kan dit ook aangewend word as 'n remediërende aktiwiteit, asook 'n verrykende leesgeleentheid.

Die sessies waarin die aanbiedings verdeel is, kan verder onderverdeel word en oor 'n tydperk van minstens een skoolkwartaal aangebied word. Daar is ook ruimte vir ander aktiwiteite, soos besprekings van tekste en mondelinge aanbiedings, soos rolspel. Kritiese taalbewustheid word ook aangespreek en leerders kry die geleentheid om hul eie kreatiewe vaardighede te ontdek en te ontwikkel, asook om die teks op 'n dieper vlak te verstaan.

**Aanbevelings:**

- Gereelde voorlees deur die fasiliteerder.
- Werk teen die pas van jou leerders.
- Maak seker leerders verstaan en geniet die storie/teks waarmee daar gewerk word.
- Leerders moet alle aktiwiteite voltooi. Dit kan as afdrukstukke in hul werkboeke/lêers geplak of verpak word.
- Leerders kan mekaar se werk nasien. Die fasiliteerder kan die memorandum verskaf.
- Die matrikse in hierdie gids moet goed aan leerders verduidelik word.
- Met die ontdek en aanspreek van sosiale uitdagings soos kindermishandeling of boelie, asook sosiaal aanvaarbare gedrag, moet fasiliteerders alle inligting sensitief hanteer.
- Indien leerders iets persoonliks met die fasiliteerder deel, moet dit onmiddellik na die korrekte kanale of persone verwys word.
- Leerders en fasiliteerders moet die storie geniet.

Verken, verbeter en verryk leesvaardighede, bou en breek aan sosiale konstrukte soos nodig, en geniet jou leesreis met *Die onsigbare kind*.

*Fiona van Kerwel*

SESSIE 1:

# VOORLEES VAN STORIE

## AKTIWITEITE BINNE LEERUITKOMSTE

1. Hardop lees/voorlees van storie aan leerders
   - 1.1. Fasiliteerder lees storie vir leerders.
   - 1.2. Volg pre-lees aktiwiteit:
     - 1.2.1. Bespreek kortliks die titel.
     - 1.2.2. Leer ken die outeur.
     - 1.2.3. Maak kortliks voorspellings oor die verhaal.
     - 1.2.4. Lees storie voor met nodige intonasie en dramatisering.
2. Leer ken die storie
   - 2.1. Vra die 5 W-vrae:
     - 2.1.1. Wie is in die storie?
     - 2.1.2. Wat gebeur in die storie?
     - 2.1.3. Waar vind alles plaas?
     - 2.1.4. Wanneer gebeur alles?
     - 2.1.5. Waarom gebeur dinge of waarom tree die karakters op soos hulle doen?
3. Leer ken die karakters
   - 3.1. Deel aan leerders die visuele voorstellings uit.
   - 3.2. Gee die name van die karakters op die sketse.
   - 3.3. Skryf kortliks kenmerke neer van die karakters soos jy die storie leer ken.
4. Ontvang kalender van aanbiedings.

## KALENDER:

| Sessie | Opdrag | Punt |
|---|---|---|
| Sessie 1 | Kleur karakters in, gee die naam/ name van die karakters wat jy kies | |
| Sessie 2 | Leestoets: vooraf-toets | |
| | Leesspoed word bepaal | |
| Sessie 3 | Voltooi taakkaart met letterkundige terme wat betrekking het op *Die onsigbare kind*<br><br>Begripstoets | |
| Sessie 4 | Skryf 'n literêre opstel oor gedeelte van boek | |
| Sessie 5 | Visuele geletterdheid en kritiese taalbewustheid | |
| Sessie 6 | Skryf 'n gedig | |
| Sessie 7 | Maak 'n collage | |
| Sessie 8 | Sosiale gedrag en vaardighede: boeliegedrag, kindermishandeling | |
| Sessie 9 | Onkunde oor sosiale optrede: assertiwiteit en humor | |
| Sessie 10 | Refleksie en resensie | |

### TAAKKAART/OPDRAG

Kleur karakters in op blad.

# VOORLEES VAN STORIE

## AKTIWITEITE BINNE LEERUITKOMSTE

Hardop lees/voorlees van storie aan leerders

Leer ken die storie

Leer ken die karakters

Gesels oor storie (dink aan letterkundige terme)

## TAAKKAART/OPDRAG

Kleur karakters in op blad en verskaf ook hul name by die gepaste prent.




*Figuur 1: Sessie 1*




*Figuur 2: Sessie 1*



*Figuur 3: Sessie 1*




*Figuur 4: Sessie 1*



*Figuur 5: Sessie 1*



*Figuur 6: Sessie 1*



*Figuur 7: Sessie 1*



*Figuur 8: Sessie 1*



*Figuur 9: Sessie 1*





*Figuur 10: Sessie 1*

## ASSESSERING

Gee 'n indrukspunt vir die netheid en korrektheid van die uitbeelding van karakters.

# LEESTOETS EN LEER KEN DIE STORIE

## AKTIWITEITE BINNE LEERUITKOMSTE

Hardop lees en onafhanklike lees

Hardop lees vir die toets van leesspoed

## TAAKKAART/OPDRAG

Teks vir hardop lees en voltooiing van ontbrekende dele (toets vir begrip en sluiting)

Taakkaart 2.1

Voorlees-aktiwiteit: Bespreek kortliks voor die teks voorgelees en behandel word.

1. Ontmoet die Moe-familie – wys voorstellings en voeg name by (doen hersiening van vorige sessie).
2. Wat beteken "onsigbaar"?
3. Wat is sarkasme?
4. Dink julle sarkasme is boeliegedrag?
5. Hoe laat sarkasme jou voel en hoe dink julle moet 'n mens dit hanteer?

Kom ons lees bladsy 1 tot 12. Dit neem ongeveer 8 minute.

Opdrag: hardop lees deur die fasiliteerder

Kom ons leer ken die storie. Ons gaan op reis met *Die onsigbare kind.*

Beantwoord vrae en maak notas soos ons deur die teks beweeg. Gebruik die tabel om notas te maak.

Kom ons verken bl. 1 tot 12. Voltooi die onderstaande tabel.

| Beskrywing | Verduideliking | Antwoord |
|---|---|---|
| Tyd | Wanneer vind die gebeure plaas? | |
| Ruimte | Waar vind die gebeure plaas? | |
| Stemming/ atmosfeer | Watter gevoel word tydens die lees van die verhaal/gekose teks ervaar? | |
| Intrige/ storielyn | Watter gebeure kom in die verhaal/gekose teks voor? | |
| Konflik/ spanning | Watter spanning kom voor – tussen karakters (uiterlik) en ook binne karakters (innerlik)? | |
| Klimaks/ ergste spanning | Wanneer bereik die spanning in die verhaal/gekose teks 'n hoogtepunt? | |
| Ontknoping/ oplossing | Beskryf die afloop van die verhaal/gekose teks na die klimaks (oplossing of einde van die spanning). | |
| Karakters | Karakterontwikkeling/karakterisering in die verhaal | |
| | Wie is die hoofkarakter? Gee 'n kort beskrywing. | |
| | Noem en beskryf die ander karakters in die verhaal. | |

## Woordherkenning met woordsoek-aktiwiteit (bl. 1 tot 12)

Kies die korrekte antwoord oor gebeure in die teks en voltooi jou antwoorde in die woordsoek-tabel.

Die **Moe-gesin/Mat-gesin** het op ’n reënerige **aand/dag** op hul **toegeboude/oop voorstoep/agterstoep** om die **bed/tafel** gesit. Hulle het **skerpioene/sampioene** sorteer. Tjoek-Tjoek het by hulle kom aanklop en het ’n **petroljas/oliejas** gedra. Nienie het ’n **silwer/goue** klokkie om haar **nek/been** gedra. Nienie het in die **solderkamer/voorkamer** aan die **oostekant/suidekant** van die huis geslaap. Daar was ’n **kers/gaslamp** op Nienie se **bedkassie/staalrakkie**. Moemamma het die resep in haar **ouma/oupa** se **notaboek/storieboek** gevolg om Nienie te help.

### DIE ONSIGBARE KIND: BL 1 TOT 12

| | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| R | S | L | B | O | O | O | S | T | E | K | A | N | T | N | M | Z | I |
| O | A | O | T | D | L | D | K | H | S | D | V | M | H | Z | W | M | J |
| Z | Z | V | L | O | B | I | T | Y | G | A | K | H | H | T | C | I | V |
| M | Y | O | R | D | E | E | E | Z | E | A | M | W | P | N | X | F | F |
| O | X | O | W | A | E | G | D | J | D | P | A | P | J | I | U | V | G |
| E | J | R | M | T | S | R | E | K | A | O | P | N | I | E | T | Q | Q |
| G | K | S | Y | N | A | I | K | B | A | S | U | L | D | O | E | O | Y |
| E | E | T | F | E | W | F | L | A | O | S | Z | M | X | A | E | A | B |
| S | R | O | T | K | S | W | E | W | M | U | S | W | A | Z | T | N | S |
| I | S | E | D | P | L | C | Y | L | E | E | D | I | S | X | H | H | E |
| N | S | P | R | I | P | H | P | Y | H | R | R | E | E | V | P | D | S |
| E | T | H | I | V | L | T | N | O | T | A | B | O | E | K | O | J | W |



## Begripstoets: Beantwoord die vrae (bl. 1 tot 12)

1. Watter sampioene wat Mymy gepluk het kon die familie nie eet nie? (bl. 1)
2. Wat dink jy bedoel Mymy wanneer sy sê: “Hoop vir die beste en wees gereed vir die ergste”? (bl. 2)
3. Hoekom dink julle het Tjoek-Tjoek gesê dat Nienie vir eers maar buite moet wag? (bl. 3)
4. Wat mag met Nienie gebeur as sy buite op die stoep wag soos Tjoek-Tjoek sê? (bl. 4)
5. Tjoek-Tjoek noem dat Nienie onsigbaar is: (bl. 4)
   - 5.1. Wat beteken onsigbaar?
   - 5.2. Hoekom dink julle het Nienie onsigbaar geword? Kies die korrekte antwoord: Nienie was gereeld kwaad/bang. (bl. 4)
   - 5.3. Hoe het Nienie se oppasser teenoor haar opgetree wat daartoe gelei het dat sy onsigbaar word? (bl. 4)
6. Mymy vra of Tjoek-Tjoek die oppasser oor haar kop geslaan het. Dink julle dis ’n goeie oplossing? Motiveer jou antwoord. (bl.6)
7. Tjoek-Tjoek stel Nienie voor aan haar nuwe familie. Dink jy dit was reg van haar om Nienie van haar ou familie weg te neem? Motiveer jou antwoord (bl. 8)
8. Tjoek-Tjoek vra dat die Moe-gesin moet help dat Nienie weer sigbaar word. Waar het Moemamma gaan raad soek vir hierdie probleem? (bl. 11)

Leesspoed

Kom ons lees:

Bl. 13 tot 14 se gekose teks het 242 woorde. Sodra jy begin lees, gaan ons die tyd neem en so bepaal hoeveel woorde per minuut gelees word.

Die klokkie kom al klingelend ondertoe, een trappie op 'n slag, met 'n kort pouse tussen elke tree. Moemin wag al die hele oggend daarvoor. Maar dis nie die silwer klokkie waaroor hy opgewonde is nie. Dis die pootjies. Nienie se pootjies kom stadig by die trap af. Hulle is baie klein, met toontjies wat angstig op 'n knop getrek is. Niks anders van Nienie is sigbaar nie. Dis baie vreemd.

Moemin gaan staan agter die porseleinstofie in die eetkamer en staar betower na die pootjies wat verby hom na die voorstoep loop. Maar Nienie steek vas en skink eers vir haar tee. Die koppie word in die lug opgelig en weer neergesit. Sy eet 'n sny brood met botter en marmelade op. Toe sweef die koppie en piering uit na die kombuis waar dit gewas en in die kas gesit word. Nienie is 'n baie netjiese dogtertjie.

Moemin hardloop uit tuin toe en roep: "Mamma! Sy't pootjies! Ek kan haar pootjies sien!"

"Nes ek gedink het," sê Moemamma hoog bo uit die appelboom waarin sy sit. "Ouma was 'n wyse vrou. Noudat die medisyne begin werk, is ons op die regte pad."

"Uitstekend," sê Moepappa. "Ek hoop sy gaan nog vir ons haar snoet ook wys. Dit maak my hartseer om met iemand te praat wat onsigbaar is. En my nie antwoord nie."

"Sjuut, skat," waarsku Moemamma.

Nienie se pootjies staan in die gras tussen die geplukte appels wat daar lê.



Kom ons lees bl. 15 tot 20, dit behoort so 5 minute te neem.

Beantwoord vrae en maak notas soos jy deur die teks beweeg. Gebruik die tabel om notas te maak.

Kom ons verken bl. 15 tot 20. Voltooi die onderstaande tabel.

| Beskrywing | Verduideliking | Antwoord |
|---|---|---|
| Tyd | Wanneer vind gebeure plaas? | |
| Ruimte | Waar vind gebeure plaas? | |
| Stemming/ atmosfeer | Watter gevoel word tydens die lees van die verhaal/gekose teks ervaar? | |
| Intrige/ storielyn | Watter gebeure kom in die verhaal/gekose teks voor? | |
| Konflik/ spanning | Watter spanning kom voor – tussen karakters (uiterlik) en ook binne karakters (innerlik)? | |
| Klimaks/ergste spanning | Wanneer die spanning in die verhaal/gekose teks 'n hoogtepunt bereik. | |
| Ontknoping/ oplossing | Die afloop van die verhaal/ gekose teks na die klimaks (oplossing of einde van die spanning). | |
| Karakters | Karakterontwikkeling/karakterisering in die verhaal/gekose teks | |
| | Hoofkarakter en kort beskrywing | |
| | Ander karakters en kort beskrywing | |

Vrae: bl. 15 tot 20: Kies die korrekte antwoord in kolom B wat pas by die stelling in kolom A.

| **Kolom A** | **Kolom B** | **Antwoord** |
|---|---|---|
| Wanneer iemand lekker slaap. | pootjies | |
| Iets wat mens nie kan sien nie. | Sy ontspan en verkeer gesellig met die ander. | |
| Die Moe-gesin het hierdie vrugte gepluk. | pienk rokkie en 'n breë lint | |
| Moepappa het die appels hiermee fyngemaal. | slaap soos 'n klip | |
| Mymy noem Nienie lelik. Water liggaamsdeel van Nienie word onsigbaar as gevolg hiervan? | appelmoes | |
| Hoekom word Nienie se pootjies later duideliker? | Nienie se gesig is onsigbaar. | |
| Hoekom sê Moemamma stilletjies dankie vir haar ouma se resep? | appels | |
| Die gemaalde appels word _________ genoem. | handmeul | |
| Moemamma het dit vir Nienie gemaak. | onsigbaar | |
| Hoekom dink jy weet Moemamma nie watter kleur Nienie se hare is nie? | Die ander weet nie van die medisyne wat sy vir Nienie gee nie. | |



Kom ons lees bl. 20 tot 25. Dit behoort so 3 minute te neem.

Beantwoord vrae en maak notas soos deur die teks beweeg. Gebruik die tabel om notas te maak.

| Kom ons verken bl. 15 tot 20. Voltooi die onderstaande tabel. | | |
|---|---|---|
| Beskrywing | Verduideliking | Antwoord |
| Tyd | Wanneer vind gebeure plaas? | |
| Ruimte | Waar vind gebeure plaas? | |
| Stemming/ atmosfeer | Watter gevoel word tydens die lees van die verhaal/gekose teks ervaar? | |
| Intrige/ storielyn | Watter gebeure kom in die verhaal/gekose teks voor? | |
| Konflik/ spanning | Watter spanning kom voor – tussen karakters (uiterlik) en ook binne karakters (innerlik)? | |
| Klimaks/ ergste spanning | Wanneer die spanning in die verhaal/ gekose teks 'n hoogtepunt bereik. | |
| Ontknoping/ oplossing | Die afloop van die verhaal/ gekose teks na die klimaks (oplossing of einde van die spanning). | |
| Karakters | Karakterontwikkeling/karakterisering in die verhaal/gekose teks | |
| | Hoofkarakter en kort beskrywing | |
| | Ander karakters en kort beskrywing | |

Vrae: bl. 20 tot 25: Plaas die gebeure in chronologiese volgorde soos dit in die teks voorkom.

| Gedeelte in teks | Chronologiese volgorde |
|---|---|
| Moepappa maak sy keel skoon. | |
| Moemin is opgewonde om vir Nienie speletjies te leer. | |
| Nienie dra haar nuwe rok. | |
| Na ete loop die kinders rivier toe. | |
| Moemin brom dat Nienie nie kan speel nie. | |
| Mymy vra vir Nienie of sy speletjies ken. | |
| Mymy sê dat Nienie nie kan kwaad word nie. | |
| Nienie sê vir Mymy dat sy haar glo. | |
| Mymy wil Nienie op haar neus boks. | |
| Mymy sê vir Nienie dat sy nooit ’n gesig gaan kry as sy nie leer om te baklei nie. | |

### ASSESSERING

Leestoets: vooraf-toets en toets na laaste sessie

Sien memorandums

Leesspoed word bepaal



## SESSIE 3:

# LETTERKUNDIGE TERME EN LEER DIE STORIE KEN

### AKTIWITEITE BINNE LEERUITKOMSTE

Hardop lees en onafhanklike lees

Bespreek letterkundige terme

Voorspellings word gemaak

### TAAKKAART/OPDRAG

Voltooi taakkaart waarmee inhoud en begrip getoets word.

Kom ons lees bl. 25 tot 33. Dit behoort so 5 minute te neem.

Beantwoord vrae en maak notas soos jy deur die teks beweeg. Gebruik die tabel om notas te maak.

| Kom ons verken bl. 25 tot 33. Voltooi die onderstaande tabel. | | |
|---|---|---|
| Beskrywing | Verduideliking | Antwoord |
| Tyd | Wanneer vind gebeure plaas? | |
| Ruimte | Waar vind gebeure plaas? | |
| Stemming/ atmosfeer | Watter gevoel word tydens die lees van die verhaal/gekose teks ervaar? | |
| Intrige/ storielyn | Watter gebeure kom in die verhaal/gekose teks voor? | |
| Konflik/ spanning | Watter spanning kom voor – tussen karakters (uiterlik) en ook binne karakters (innerlik)? | |
| Klimaks/ ergste spanning | Wanneer die spanning in die verhaal/ gekose teks 'n hoogtepunt bereik. | |
| Ontknoping/ oplossing | Die afloop van die verhaal/ gekose teks na die klimaks (oplossing of einde van die spanning). | |
| Karakters | Karakterontwikkeling/karakterisering in die verhaal/gekose teks | |
| | Hoofkarakter en kort beskrywing | |
| | Ander karakters en kort beskrywing | |

Begripstoets: beantwoord die vrae (bl. 25 tot 33).

1. Hoekom dink jy het die Moe-gesin begin draaie loop om Nienie? Gee twee redes. (bl. 25)
2. Hoekom het Moemamma opgehou om vir Nienie medisyne te gee? (bl. 26)



3. Waarom het Nienie vasgesteek toe die gesin na die strand stap? (bl. 27)
4. Wat het Moemamma gedoen om uit te vind wat Nienie ontstel het? Hoe het sy teenoor Nienie opgetree? (bl. 27)
5. Hoe het Moemamma teenoor Mymy opgetree toe sy noem dat Nienie 'n "simpel meisiekind" is? (bl. 28)
6. Wie het die Moe-gesin gehelp om die boot na die see uit te sleep? (bl.29)
7. Waaroor het Moemamma gekla terwyl sy op die loopplank gesit het? (bl.29)
8. Waarom knipoog Moepappa vir Moemin en trek 'n lawwe gesig terwyl hy na Moemamma wys? (bl. 29-30)
9. Hoekom het Nienie vir Moepappa gebyt? (bl. 30)
10. Wanneer het Nienie se gesig sigbaar geword? (bl. 30)
11. Waaroor het Nienie so lekker gelag? (bl. 31)
12. Waaraan het Moemamma die sigbaarheid van Nienie se gesig toegeskryf? (bl. 33)

## LETTERKUNDIGE TERME

Nadat ons die storie lekker deurgelees en bespreek het, kom ons beantwoord die volgende vrae:

**Genre:** Tot watter genre behoort *Die onsigbare kind*?

**Tema:** Wat dink jy is die tema van die storie?

**Boodskap:** Watter boodskap dra die storie vir ons oor?

**Teikengroep:** Vir watter ouderdomsgroep sou die storie geskik wees?

## ASSESSERING

Nasien van taakkaart om toepassing en begrip van letterkundige terme en inhoud te bepaal.

# LITERÊRE OPSTEL

## AKTIWITEITE BINNE LEERUITKOMSTE

Hardop lees en onafhanklike lees
Ook groeplees soos nodig
Woordeskat word uitgebrei
Kennis en die lê van verbande word getoets

## TAAKKAART/OPDRAG

Skryf 'n literêre opstel van 200 tot 250 woorde oor 'n literêre begrip (tyd en ruimte/karakters).

Kom ons oefen hoe om 'n literêre opstel te skryf

**Literêre opstel:** Skryf 'n literêre opstel en verwys na die karaktereienskappe van Nienie en Moemamma en hoe hulle mekaar beïnvloed. Jou opstel moet 150 tot 200 woorde wees. Dit moet 'n inleiding, beskrywende paragrawe en 'n slot bevat.

**Begin met kopkaart om te beplan:**

**Karaktereienskappe van Nienie en Moemamma en hoe hulle mekaar beïnvloed**

**Nienie:**
1. skaam
2. bang
3. onsigbaar
4. hardwerkend
5. dankbaar
6. onkundig
7. beskermend
8. snaaks
9. gelukkig
10. sigbaar

**Moemamma:**
1. positief
2. besorgd
3. beskermend
4. liefdevol
5. slim
6. streng

Moemamma beskerm Nienie en aanvaar Nienie soos sy is: onsigbaar. Sy help haar altyd en Nienie vind veiligheid by haar.

Nienie beskerm ook vir Moemamma as sy dink dat Moepappa haar in die see wil stoot.

Literêre opstel: Voltooi die ontbrekende dele

In die storie van *Die onsigbare kind* leer ons twee hoofkarakters ken, ........................ en .......................................

Nienie is 'n skaam en ................... meisiekind. Sy wil nie sommer tussen die Moe-gesin kom toe Tjoek-Tjoek haar na haar nuwe gesin bring nie. Sy staan eers .......................... Sy is ook ..................... en doen graag take, soos om te help met die sampioene en haar eie skottelgoed skoon te maak. Sy is 'n dankbare meisie, want die eerste woorde wat sy met die Moe-gesin praat, is om ........................... Sy is ................ en weet nie hoe om te speel of kwaad te raak nie, sy spring net rond en weet nie wanneer om te lag nie.

Moemamma is 'n besorgde ma wat bekommerd is dat Nienie sal ........................ toe Tjoek-Tjoek haar na hulle bring. Sy is ook 'n positiewe mens en gee opbouende kritiek vir Mymy om volgende keer .................... sampioene te pluk. Sy is 'n ........................ en .......................... ouer deurdat sy vir Nienie klere maak, en haar ook veilig laat voel. Nienie loop oral waar .............................. beweeg. Sy is ook ....................... deurdat sy ernstig vir Mymy aanspreek om nie lelike dinge vir Nienie te sê nie.

Die verhouding tussen Nienie en Moemamma is deurgaans ondersteunend en net soos Moemamma heeltyd omsien na Nienie, het Nienie vir Moemamma beskerm toe sy dink dat Moepappa haar in die water wou stamp. Dit lei daartoe dat Nienie sigbaar word, en ook vir die eerste keer lekker lag vir Moepappa wat in die water val.

Nienie is ........................ wanneer sy bang is en word........................ wanneer sy opstaan vir wat reg is en lekker lag.

## ASSESSERING

Nasien van taakkaart om begripstoets se punt te bepaal. Ook vasstelling van tipe vrae wat leerders verstaan en waarmee hulle sukkel.



# SESSIE 5:

# VISUELE GELETTERDHEID EN KRITIESE TAALBEWUSTHEID

## AKTIWITEITE BINNE LEERUITKOMSTE

Soeklees en vluglees: soek alle visuele voorstellings in storie

Ondersoek die doel van visuele tekste/voorstellings

Ondersoek kritiese taalbewustheid in teks

## TAAKKAART/OPDRAG

Voltooi taakkaart met visuele voorstellings wat in die storie voorkom.

Beantwoord die vrae oor visuele geletterdheid en kritiese taalbewustheid.



*Figuur 1: Die onsigbare kind (bl. 1)*

1. Watter karakter dink jy is hierdie?
2. Wat is anders aan haar as ander dogters?
3. Hoekom dink jy kan ons nie haar gesig sien nie?



*Figuur 2:*
*Die besoeker*
*(bl. 3 & 7)*

1. Wie is hierdie karakter?
2. Watter tipe klere het sy aan?
3. Waarom dink jy is sy so aangetrek?
4. Dink jy sy was 'n goeie mens? Motiveer.
5. Waarom loer sy so by die deur uit?



*Figuur 3:*
*Die solderkamer*
*(bl. 12)*

1. Watter twee karakters is hier in die solderkamer?
2. Watter items sien jy op die bedkassie?
3. Gee een eienskap van elke karakter wat jy uit hierdie voorstelling kan aflei.




*Figuur 4:*
*Speeltyd*
*(bl. 22-23)*

1. Watter twee karakters is hierdie?
2. Wat kan ons aflei uit die gesigsuitdrukking van die meisie?
3. Waarom dink julle het sy so 'n gesigsuitdrukking?
4. Watter twee dinge leer ons hier van die onsigbare kind? (bl. 23)



*Figuur 5:*
*By die strand*
*(bl. 28)*

1. Hoe weet jy dat Moemamma en Moepappa hier teenwoordig is?
2. Wat probeer die gesin doen met die boot? Waarom doen hulle dit? (bl.27)
3. Wie woon in die boothuis? (bl. 28)



*Figuur 6: Einde ten laaste (bl. 32 & 33)*

1. Watter twee karakters is hier teenwoordig?
2. Beskryf in een of twee woorde elkeen se gesigsuitdrukking en motiveer waarom hulle so voel.
3. Watter belangrike gebeurtenis het hier plaasgevind?
4. Watter kleur is haar hare? (bl. 30)
5. Waarom het Nienie gesis soos 'n kat vir Moepappa? (bl. 30)
6. Hoekom sê Tjoek-Tjoek: "sy's nou selfs erger as Mymy"? (bl. 32)

### ASSESSERING

Nasien van taakkaart om vlak van visuele geletterdheid en kritiese taalbewustheid te bepaal.



## SESSIE 6:

# SKRYF 'N GEDIG

### AKTIWITEITE BINNE LEERUITKOMSTE

Hardop lees en onafhanklike lees

Ook groeplees soos nodig

Bespreek letterkundige terme van gedigte

### TAAKKAART/OPDRAG

Skryf jou eie gedig oor *Die onsigbare kind*. Jy kan enige gedeelte kies wat jy wil uitbeeld.

Skryf eie gedig. Volg die onderstaande wenke:

Kies 'n tema vir jou gedig. Dit moet voortspruit uit *Die onsigbare kind.*

Volg 'n struktuur: Jou gedig moet dus uit 'n titel met versreëls bestaan.

Besluit op 'n titel vir jou gedig.

Die gedig moet minstens 16 tot 20 versreëls bevat.

Jy kan besluit hoe jy die strofes wil indeel.

Skryf oor waarnemings en ervarings: Dink aan sintuiglike waarnemings.

Gebruik poëtiese taal en digterlike vryheid om jouself uit te druk.

Maak gebruik van beeldspraak/rymskema.

Lees jou gedig herhaaldelik en verander soos nodig.

Kom ons begin

Kom ons begin met ons gedig:

Kies waaroor/oor wie jy wil skryf en skryf dit neer, bv. Boelie (dit is dan die TEMA).

Dink aan woorde wat jy wil gebruik om jou tema te beskryf.

Maak 'n lys van hierdie woorde en dan begin ons bou (kyk illustrasie).

**BOELIE**
(kom ons kies woorde)

| | | | |
|---|---|---|---|
| groot | onvriendelik | seermaak | pyn |
| afknou | aangluur | geweld | spot |
| neersien | afkyk | minder | meer |
| sterk | selfvertroue | waagmoed | slim |
| nuwe | vriende | begrip | lag |
| uitlag | seer | dink | hart |

**BOELIE**
(kom ons bou met die woorde; waaraan laat die woord ons dink?)

| | |
|---|---|
| Groot: | seun/dogter; ouer persoon, dalk ook groot hart |
| Onvriendelik: | nors, glimlag nooit, maniere |
| Seermaak: | slaan, skop, gooi, hart breek |
| Pyn: | uiterlik, innerlik, boelie, slagoffer |
| Sterk: | groot, slim, fisies, sielkundig |
| Selfvertroue: | standpunt, opstaan, bemagtig |
| Begrip: | verstaan, kennis, omgee |

**BOELIE**
(kom ons bou verder)

Dink aan rym, idiome, beeldspraak (vergelykings, metafore, personifikasie, klanknabootsing, alliterasie, assonansie, oordrywing, versagting).

Watter gedagtes en gevoelens kom by jou op as jy die woord hoor/sien (dink aan sintuie)?

Wat dink jy moet die leser verstaan en weet en leer oor dit wat jy wil oordra in die gedig?

| | |
|---|---|
| Groot: | so groot soos 'n beer |
| Onvriendelik: | skewe gesig, lelike houding, maak my bang |
| Seermaak: | soos 'n pyl in my binneste |
| Pyn: | ek kry 'n sein, kom ons maak dit rein, en gebruik ietsie klein/fyn |
| Selfvertroue: | dit is die oplossing, staan sterk en doen jou werk |
| Begrip: | dalk die oplossing, dit help ons verstaan |

## ASSESSERING

Gebruik 'n assesseringsmatriks om indrukspunt van gedig te bepaal. Sien assesseringsmatriks.

SESSIE 7:

# MAAK 'N COLLAGE VAN JOU GEDIG/KARAKTER/STORIELYN

## AKTIWITEITE BINNE LEERUITKOMSTE

Hardop lees en onafhanklike lees

Ook groeplees soos nodig

## TAAKKAART/OPDRAG

Gesels oor die storie, bespreek die storielyn en let ook op karakterontwikkeling en die temas waaraan jy kan dink. Bespreek jou gedig en luister na ander se gedigte, vertel ook watter tema jy vir jou gedig gekies het.

Maak 'n collage deur tydskrifte te gebruik om jou eie gedig/enige deel van die storie/enige karakter se ontwikkeling (eienskappe) uit te beeld.

<u>Kom ons begin met ons gedig:</u>

Kies wat/wie jy wil uitbeeld en skryf dit neer: bv. Boelie/Nienie (dit is dan die TEMA)

Gee 'n titel vir jou collage.

Dink aan woorde wat jy wil gebruik om jou tema te beskryf: Watter woorde assosieer jy met jou keuse?

Versamel prente uit tydskrifte wat dit beskryf en werk daarvolgens.

Besluit hoe jy die prente (visuele materiaal) wil plak – volg dit opmekaar of beeld dit die karaktertrekke van die karakter uit?

Maak seker dat jy dit netjies plak en dat die leser sal verstaan wat jy wil uitbeeld/vertel met jou collage.

## ASSESSERING

Gebruik 'n assesseringsmatriks om indrukspunt van collage te bepaal.



SESSIE 8:

# SOSIALE GEDRAG EN VAARDIGHEDE

## AKTIWITEITE BINNE LEERUITKOMSTE

Hardop lees en onafhanklike lees

Ook groeplees soos nodig

## TAAKKAART/OPDRAG

Sosiale gedrag:

Bespreek boeliegedrag, kindermishandeling, onkunde oor hoe om op te tree (assertiwiteit en humor), en geslagsgebaseerde geweld en hoe hierdie verskynsels in die verhaal voorkom.

Voltooi taakkaart met die definisies, voorbeelde in skool, en voorbeelde in teks van hierdie tipe gedrag.

**Sessie 8: Afwykende sosiale gedrag – beskrywings en voorbeelde**

Voltooi die onderstaande tabel. Gebruik betroubare bronne om die sosiale gedrag te beskryf.

| Sosiale gedrag: Wat is dit? | Voorbeelde in skool: | Voorbeelde uit *Die onsigbare kind:* |
|---|---|---|
| Boelie: | | |
| Kinder-mishandeling: | | |
| Geslagsgeweld: | | |
| Onkunde oor sosiale optrede: Assertiwiteit | | |
| Humor | | |

## ASSESSERING

Nasien van taakkaart om toepassing en begrip van sosiale gedrag te bepaal.



**SESSIE 9:**

# SOSIALE GEDRAG EN VAARDIGHEDE

## AKTIWITEITE BINNE LEERUITKOMSTE

Hardop lees en onafhanklike lees

Bespreek letterkundige terme

## TAAKKAART/OPDRAG

Sosiale gedrag:

Bespreek die hantering van sosiaal-afwykende gedrag, soos in Sessie 8 bespreek en gee praktiese voorbeelde van hoe dit aangespreek kan word.

1. Boelie deur lelike woorde
2. Kindermishandeling
3. Onkunde oor sosiale optrede: assertiwiteit en humor
4. Geslagsgebaseerde geweld

**Sessie 9: Afwykende sosiale gedrag – hantering en voorkoming**

Hoe kan ons dit aanspreek?

| Aksie vir hantering/ voorkoming | Uitkoms | Tipe behandeling |
|---|---|---|
| Boelie | | |
| Kinder-mishandeling | | |
| Geslags-gebaseerde geweld | | |
| Aanvaarbare sosiale gedrag: selfversekerd en assertief wees | | |
| Humor | | |

### ASSESSERING

Nasien van taakkaart om aanspreking/oplossing en begrip van sosiale gedrag te bepaal.



## SESSIE 10:

# REFLEKSIE EN RESENSIE

### AKTIWITEITE BINNE LEERUITKOMSTE

Hardop lees en onafhanklike lees

### TAAKKAART/OPDRAG

Refleksie:

Monitering en evaluering van proses

Hardop lees vir die toets van leesspoed

Bespreking oor algemene indruk van die storie

Skryf 'n resensie oor die verhaal.

Voltooi terugvoeringblad.

Sessie 10: skryf 'n resensie

Skryf 'n resensie: kom ons begin

Watter inligting is nodig?

1. Titel van die boek
2. Skrywer/outeur
3. Uitgewers
4. Jaar van publikasie
5. Genre
6. Tema
7. Skryf 'n paar kort reëls oor waaroor die boek handel, gee kortliks 'n oorsig oor waar die verhaal afspeel, watter tyd hier betrokke is, en ook wie die hoofkarakter is, en dalk nog ander karakters. Jy kan ook 'n sin invoeg oor karakterontwikkeling.
8. Noem ook kortliks waarvan jy gehou het of nie gehou het nie.
9. Noem ook of jy dink die skrywer het goed met die teikengehoor gesels.
10. Sluit af deur te noem of jy die boek sal aanbeveel vir ander lesers.

Leestoets: Na-toets vir begrip (sluiting en memorisering)

Gebruik die teks en opdrag soos in sessie 2.

## ASSESSERING

Skryf ’n resensie.

Gebruik ’n assesseringsmatriks om indrukspunt van resensie te bepaal.

Leestoets: Na-toets vir begrip (sluiting en memorisering)



MEMORANDUM

## SESSIE 1 – LEER KEN DIE KARAKTERS

| Figuur | Beskrywing |
|---|---|
| Figuur 1 | Nienie: Sy is onsigbaar. |
| Figuur 2 | Tjoek-Tjoek: Aankoms by Moe-gesin. Haar jas is nat. |
| Figuur 3 | Tjoek-Tjoek: Loer uit by Moe-gesin se voordeur. Nienie staan buite in reën. |
| Figuur 4 | Moemamma sit vir Nienie in die bed. |
| Figuur 5 | Moemamma en Moepappa is besig met die pluk en bymekaarmaak van die appels. |
| Figuur 6 | Nienie en Mymy speel saam. |
| Figuur 7 | Nienie loop agter Moemamma aan en voel veilig by haar. |
| Figuur 8 | Die Moe-gesin sleep die boot uit strand toe. |
| Figuur 9 | Moepappa: Hy het in water geval. |
| Figuur 10 | Nienie: Sy is sigbaar. |

Memorandum: Sessie 2 – woordsoek: beantwoord die vrae (bl. 1 tot 12)

| | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| . | S | . | . | O | O | O | S | T | E | K | A | N | T | . | . | . | . |
| . | . | O | T | . | L | . | . | . | S | . | . | . | . | . | . | . | . |
| . | . | V | L | O | B | I | . | . | . | A | . | . | . | . | . | . | . |
| M | . | O | . | D | E | E | E | . | . | A | M | . | . | . | . | . | . |
| O | . | O | . | . | E | G | D | J | . | . | A | P | . | . | . | . | . |
| E | . | R | . | T | S | R | E | K | A | O | . | N | I | . | . | . | . |
| G | K | S | . | N | A | I | K | B | A | S | U | . | D | O | . | . | . |
| E | E | T | . | E | . | F | L | A | O | S | . | M | . | . | E | . | . |
| S | R | O | . | K | . | . | E | W | M | U | S | . | A | . | . | N | . |
| I | S | E | . | . | . | . | . | L | E | E | D | I | . | . | . | . | E |
| N | . | P | . | . | . | . | . | . | . | R | R | E | E | . | . | . | . |
| . | . | . | . | . | . | . | N | O | T | A | B | O | E | K | . | . | . |

Aand (SE, 11 ,4)
Bedkassie (SE,6,3)
Kers (S,2,7)
Moegesin (S, 1 .4)
Nek (S,5.7)
Notaboek (E,8, 12)
Oliejas (SE,5, 1)
Oostekant (E,6, 1 )
Ouma (SE, 11,6)
Sampioene (SE, 10,2)
Silwer (SE,6,6)
Solderkamer (SE,2, 1)
Tafel (SE,5,6)
Toegeboude (SE.4,2)
Voorstoep (S,3,3)

## SESSIE 2 – LEESSPOED – WOORDTELLING VAN GEKOSE DEEL (PER PARAGRAAF EN OOK VIR DIE VOLLE TEKS)

Die klokkie kom al klingelend ondertoe, een trappie op 'n slag, met 'n kort pouse tussen elke tree. Moemin wag al die hele oggend daarvoor. Maar dis nie die silwer klokkie waaroor hy opgewonde is nie. Dis die pootjies. Nienie se pootjies kom stadig by die trap af. Hulle is baie klein, met toontjies wat angstig op 'n knop getrek is. Niks anders van Nienie is sigbaar nie. Dis baie vreemd. **(71 woorde)**

Moemin gaan staan agter die porseleinstofie in die eetkamer en staar betower na die pootjies wat verby hom na die voorstoep loop. Maar Nienie steek vas en skink eers vir haar tee. Die koppie word in die lug opgelig en weer neergesit. Sy eet 'n sny brood met botter en marmelade op. Toe sweef die koppie en piering uit na die kombuis waar dit gewas en in die kas gesit word. Nienie is 'n baie netjiese dogtertjie. **(77 woorde) (71 + 77= 148 woorde)**

Moemin hardloop uit tuin toe en roep: "Mamma! Sy't pootjies! Ek kan haar pootjies sien!"

"Nes ek gedink het," sê Moemamma hoog bo uit die appelboom waarin sy sit. "Ouma was 'n wyse vrou. Noudat die medisyne begin werk, is ons op die regte pad." **(45 woorde)**

**(71 + 77 + 45 = 193 woorde)**

"Uitstekend," sê Moepappa. "Ek hoop sy gaan nog vir ons haar snoet ook wys. Dit maak my hartseer om met iemand te praat wat onsigbaar is. En my nie antwoord nie." **(31 woorde)**

**(71 + 77 + 45 + 31 = 224 woorde)**



"Sjuut, skat," waarsku Moemamma.

Nienie se pootjies staan in die gras tussen die geplukte appels wat daar lê. **(18 woorde)**

**(71 + 77 + 45 + 31 + 18 = 242 woorde)**

**242 woorde**

Verwagte leesspoed

Die leesspoed wat verwag kan word aan die einde van 'n spesifieke graad is as volg:

| **Graad** | **Woorde per minuut** | **Graad** | **Woorde per minuut** |
|---|---|---|---|
| Graad 1 | 80 | Graad 7 | 195 |
| Graad 2 | 115 | Graad 8 | 204 |
| Graad 3 | 138 | Graad 9 | 214 |
| Graad 4 | 158 | Graad 10 | 224 |
| Graad 5 | 173 | Graad 11 | 237 |
| Graad 6 | 185 | Graad 12 | 250 |
| Graad 13 (tersiêr) | 280 tot 340 | | |

Begrip vir kontekstuele vrae (vragies uit die leesstuk)

80% begrip kan verwag word by bogenoemde leesspoed.

Belangrik: Hierdie leesspoed is SLEGS 'n riglyn!

*Bron: http://www.academix.co.za/%5Cdownloads%5Cafrikaans.pdf*

MEMORANDUM

## SESSIE 2 – BEGRIPSTOETS: BEANTWOORD DIE VRAE (BL. 1 TOT 12)

1. Galsampioene en pepersampioene
2. Eie interpretasie, iets soos: Dit beteken dat almal moet hoop dat alles goed sal verloop, maar dat hulle ook reg moet wees indien iets verkeerd loop.
3. Sy was baie skaam.
4. Sy mag dalk papnat reën.
5. Antwoorde:
6. Dit is iets wat jy nie kan sien nie.
7. Sy was gereeld bang en het onsigbaar geword.
8. Die oppasser was baie sarkasties, ysig en koud teenoor Nienie.
9. Nee, Tjoek-Tjoek noem dat dit nie sal help nie/enige ander korrekte antwoord.
10. Ja, die nuwe familie is meer laf en ordentlik, hulle sal haar help om weer sigbaar te word.
11. Moemamma het haar ouma se notaboek oor Onfeilbare Huishoudelike Rate gebruik as hulp.

## SESSIE 2 – KIES DIE KORREKTE ANTWOORD

| Kolom A | Kolom B | Antwoord |
|---|---|---|
| Wanneer iemand lekker slaap. | pootjies | d |
| Iets wat mens nie kan sien nie | Sy ontspan en verkeer gesellig met die ander. | i |
| Die Moe-gesin het hierdie vrugte gepluk | pienk rokkie en 'n breë lint | g |
| Moepappa het die appels hiermee fyngemaal | slaap soos 'n klip | h |
| Mymy noem Nienie lelik. Water liggaamsdeel van Nienie word onsigbaar as gevolg hiervan? | appelmoes | a |
| Hoekom word Nienie se pootjies later duideliker? | Nienie se gesig is onsigbaar. | b |
| Hoekom sê Moemamma stilletjies dankie vir haar ouma se resep? | appels | j |
| Die gemaalde appels word _________ genoem | handmeul | e |
| Moemamma het dit vir Nienie gemaak | onsigbaar | c |
| Hoekom dink jy weet Moemamma nie watter kleur Nienie se hare is nie? | Die ander weet nie van die medisyne wat sy vir Nienie gee nie. | f |

MEMORANDUM

MEMORANDUM

## SESSIE 2 – CHRONOLOGIESE VOLGORDE

| **Gedeelte in teks** | **Chronologiese volgorde** |
|---|---|
| Moepappa maak sy keel skoon. | 3 |
| Moemin is opgewonde om vir Nienie speletjies te leer. | 1 |
| Nienie dra haar nuwe rok. | 6 |
| Na ete loop die kinders rivier toe. | 2 |
| Moemin brom dat Nienie nie kan speel nie. | 4 |
| Mymy vra vir Nienie of sy speletjies ken. | 9 |
| Mymy sê dat Nienie nie kan kwaad word nie. | 5 |
| Nienie sê vir Mymy dat sy haar glo. | 7 |
| Mymy wil Nienie op haar neus boks. | 10 |
| Mymy sê vir Nienie dat sy nooit 'n gesig gaan kry as sy nie leer om te baklei nie. | 8 |

## SESSIE 3 – BEGRIPSTOETS: BEANTWOORD DIE VRAE (BL. 25 TOT 33)

1. Dinge het nie veel beter gegaan met Nienie se gedrag nie./Nienie het nooit gelag nie. Nienie het nie geweet hoe om te speel nie.
2. Niks het gebeur wat aangedui het dat Nienie beter geword het nie.
3. Sy was bang vir die strand.
4. Moemamma het saggies met haar gepraat en gebuk tot by haar op die grond.
5. Moemamma het Mymy ernstig aangespreek/sy het haar berispe/sy was streng met Mymy.
6. Tjoek-Tjoek
7. Dat daar niks opwindends gebeur het nie.
8. Hy wou Moemamma terg/skrikmaak/ nie regtig seermaak nie/wou sommer speel of terg/wou die kinders laat lag.
9. Sy het gedink hy wou Moemamma seermaak/in die see stamp.
10. Haar gesig het sigbaar geword toe sy met Moepappa raas/sy terugbaklei het.
11. Moepappa het in die water geval.
12. Moemamma het gedink dat Ouma se medisyne gehelp het.

MEMORANDUM

## SESSIE 3 - LETTERKUNDIGE TERME

**Genre:** Motiverende verhaal

**Tema:** Familie, kindermishandeling, boelie, assertiwiteit.

**Boodskap:** Wanneer kinders liefde en aanvaarding ervaar, sal hulle goed vaar in dit wat hulle doen, en ook gelukkige mense wees. Wanneer kinders afgeknou word, sal hulle sukkel om goed te wees in dit waarmee hulle besig is, hulle sal ook nie weet hoe om hulle te gedra tussen ander kinders nie.

**Teikengroep:** Enige ouderdom, dis 'n universele boodskap, maar veral vir laerskoolleerders.





## SESSIE 4 – LITERÊRE OPSTEL: VOLTOOI DIE ONTBREKENDE DELE

<u>Skryf 'n literêre opstel en verwys na die karaktereienskappe van Nienie en Moemamma</u>

In die storie van *Die onsigbare kind* leer ons twee hoofkarakters ken, Nienie en Moemamma.

Nienie is 'n skaam en bang meisiekind. Sy wil nie sommer tussen die Moe-gesin kom toe Tjoek-Tjoek haar na haar nuwe gesin bring nie. Sy staan eers 'n rukkie buite in die reën. Sy is ook hardwerkend en doen graag take, soos om te help met die sampioene en haar eie skottelgoed skoon te maak. Sy is 'n dankbare meisie, want die eerste woorde wat sy met die Moe-gesin praat, is om dankie te sê. Sy is onkundig en weet nie hoe om te speel of kwaad te raak nie, sy spring net rond en weet nie wanneer om te lag nie.

Moemamma is 'n besorgde ma wat bekommerd is dat Nienie sal natreën toe Tjoek-Tjoek haar na hulle bring. Sy is ook 'n positiewe mens en gee opbouende kritiek vir Mymy om te probeer om heuningsampioene te pluk op 'n volgende keer. Sy is 'n beskermde en liefdevolle ouer deurdat sy vir Nienie klere maak, en ook haar veilig laat voel. Nienie loop oral waar Moemamma beweeg. Sy is ook streng deurdat sy ernstig vir Mymy aanspreek om nie lelike dinge vir Nienie te sê nie.

Die verhouding tussen Nienie en Moemamma is deurgaans ondersteunend en net soos Moemamma heeltyd omsien na Nienie, het Nienie haar beskerm toe sy dink dat Moepappa haar in die water wou stamp. Dit lei daartoe dat Nienie sigbaar word, en ook vir die eerste keer lekker lag vir Moepappa wat in die water val.

Nienie is onsigbaar wanneer sy bang is en word sigbaar wanneer sy opstaan vir wat reg is, en lekker lag.

MEMORANDUM

## SESSIE 5 – VISUELE GELETTERDHEID EN KRITIESE TAALBEWUSTHEID

*Figuur 1: Die onsigbare kind*

1. Nienie
2. Haar gesig is onsigbaar.
3. Sy was mishandel./Sy was bang.

*Figuur 2: Die besoeker*

1. Tjoek-Tjoek
2. Oliejas
3. Dit het gereën.
4. Ja, sy het Nienie na ’n ordentlike gesin gebring.
5. Sy maak seker of Nienie veilig is buite die deur.

*Figuur 3: Die solderkamer*

1. Moemamma en Nienie
2. Kers, appel, glas sap en drie lekkers
3. Nienie is baie moeg, Moemamma is liefdevol.

*Figuur 4: Speeltyd (bl. 22-23)*

1. Nienie en Mymy
2. Sy is kwaad/enige korrekte antwoord.
3. Nienie kan nie verstaan hoe om te speel nie.
4. Sy kan nie speel nie en sy kan nie kwaad raak nie.

*Figuur 5: By die strand (bl. 28)*

1. Moemamma se handsak en Moepappa se hoed
2. Skuif die boot uit die water, dit is winter.
3. Tjoek-Tjoek

*Figuur 6: Einde ten laaste (bl. 32 & 33)*

1. Moepappa en Nienie
2. Moepappa: bietjie kwaad, maar ook gelukkig/Nienie: baie gelukkig
3. Nienie het sigbaar geword.
4. Rooi
5. Sy was kwaad en het gedink Moepappa wou Moemamma in die water stoot.
6. Nienie was dalk bietjie te kwaai om Moepappa so te byt en vir hom te lag toe hy in die water val.

MEMORANDUM

## ASSESSERINGSMATRIKS SESSIE 6 – MY EIE GEDIG

Matriks: Gedig

| **Totaal: 20** | **4 – 5** (Uitstekend) 80% of meer | **3** (Goed) 60% | **2** (Aanvaarbaar) 40% | **1** (benodig ondersteuning) |
|---|---|---|---|---|
| **Totaal: 5** | **4 – 5** | **3** | **2** | **1** |
| **Formaat** | Reëls en formaat is baie goed toegepas | Reëls en formaat is redelik goed toegepas | Reëls en formaat is gedeeltelik toegepas | Reëls en formaat is geensins toegepas nie |
| **Totaal: 5** | **4 – 5** | **3** | **2** | **1** |
| **Inhoud** | Inhoud is voortdurend gepas, binne tema en gedetailleerd. | Inhoud is redelik gepas, binne tema en gedetailleerd. | Inhoud is gedeeltelik gepas, binne tema en gedetailleerd. | Inhoud is glad nie gepas, binne tema en gedetailleerd nie. |
| **Totaal: 5** | **4 – 5** | **3** | **2** | **1** |
| **Taal en styl** | Grammatika, woordeskat, toon, styl en register is byna foutloos. | Grammatika, woordeskat, toon, styl en register is redelik foutloos. | Grammatika, woordeskat, toon, styl en register het vele foute. | Grammatika, woordeskat, toon, styl en register word oorheers deur foute. |
| **Totaal: 5** | **4 – 5** | **3** | **2** | **1** |
| **Skryfwerk** | Uitsonderlik kreatiewe taalgebruik met voortdurende fokus op tema | Redelike goeie kreatiewe taalgebruik met voortdurende fokus op tema | Gedeeltelik kreatiewe taalgebruik en fokus op tema | Geen kreatiewe taalgebruik of fokus op tema nie |
| **Totaal uit 20** | | | | |

## ASSESSERINGSMATRIKS SESSIE 7 – MY EIE COLLAGE

Matriks: Collage

| **Totaal: 20** | **4 – 5** (Uitstekend) 80% of meer | **3** (Goed) 60% | **2** (Aanvaarbaar) 40% | **1** (benodig ondersteuning) |
|---|---|---|---|---|
| **Totaal: 5** | **4 – 5** | **3** | **2** | **1** |
| **Formaat** | Reëls en formaat is baie goed toegepas | Reëls en formaat is redelik goed toegepas | Reëls en formaat is gedeeltelik toegepas | Reëls en formaat is geensins toegepas nie |
| **Totaal: 5** | **4 – 5** | **3** | **2** | **1** |
| **Inhoud** | Inhoud is voortdurend gepas, binne tema en gedetailleerd. | Inhoud is redelik gepas, binne tema en gedetailleerd. | Inhoud is gedeeltelik gepas, binne tema en gedetailleerd. | Inhoud is glad nie gepas, binne tema en gedetailleerd nie. |
| **Totaal: 5** | **4 – 5** | **3** | **2** | **1** |
| **Visuele vaardighede** | Gebruik van ontwerp, kleur, kontras, klem, proporsies is byna foutloos. | Gebruik van ontwerp, kleur, kontras, klem, proporsies is redelik foutloos. | Gebruik van ontwerp, kleur, kontras, klem, proporsies het vele foute. | Gebruik van ontwerp, kleur, kontras, klem, proporsies word oorheers deur foute. |
| **Totaal: 5** | **4 – 5** | **3** | **2** | **1** |
| **Visuele uitbeelding** | Uitsonderlik kreatiewe uitbeelding met voortdurende fokus op tema | Redelike goeie kreatiewe uitbeelding met voortdurende fokus op tema | Gedeeltelik kreatiewe uitbeelding en fokus op tema | Geen kreatiewe uitbeelding of fokus op tema nie. |
| **Totaal uit 20** | | | | |

## SESSIE 8: AFWYKENDE SOSIALE GEDRAG – BESKRYWINGS EN VOORBEELDE

| | Sosiale gedrag: Wat is dit? | Voorbeelde in skool: | Voorbeelde: Die Onsigbare Kind |
|---|---|---|---|
| **Boelie:** | Dit is iemand wat iemand anders doelbewus te na kom, afknou of seermaak. Dit kan liggaamlik, emosioneel of virtueel van aard wees. Boelies geniet dit om ander seer te maak of af te knou en het nie noodwendig redes om so op te tree nie. Gewoonlik tree boelies vanuit 'n gesagsposisie op en sien neer op mense wat minder as hulle het, of kleiner is, of soms swaarder as hulle kry.<br>Die slagoffer van boeliegedrag kan dit soms as baie traumaties ervaar en ernstige optrede moet teen boelies in werking gestel word. | Lelike woorde: uitvloek of terg of verneder, of mekaar ignoreer.<br>Liggaamlik: slaan, fisies seermaak<br>Kuberruim: lelike dinge op sosiale media plaas. | Vrou wat lelik praat met Nienie, sy is sarkasties met haar.<br>Mymy wat lelike goed sê vir Nienie. |
| **Kindermishandeling:** | Kindermishandeling is wanneer kinders die slagoffers is van ouers, voogde, versorgers of ander persone wat hulle opsetlik leed aandoen. Kinders kan liggaamlik of emosioneel afgeknou word. Soms word kinders ook seksueel misbruik.<br>Die slagoffer van kindermishandeling kan soms erg getraumatiseerd wees en ernstige optrede moet teen oortreders in werking gestel word. | Onderwysers: wat leerders slaan of lelik uitskel.<br>Volwassenes (ouers/voogde) wat nie omgee vir die kinders wat hulle moet versorg nie. Soms sal hierdie volwassenes nie vir die kinders die goed koop wat hulle benodig nie, of hulle gee nie vir hulle liefde/kos/medisyne/klere nie. | Vrou wat Nienie moet versorg, sy versorg haar nie reg nie, en is dus nalatig.<br>Die wet noem dit kindermishandeling |
| **Onkunde oor sosiale optrede:** assertiwiteit | Assertiwiteit kan beskryf word as 'n manier waarop iemand optree en hom-/haarself laat geld.<br>Dit beteken dat jy eerlik sê hoe jy voel, sonder dat jy ander wil seermaak of te na kom.<br>Jy laat ook ander mense toe om hul gevoelens uit te spreek. Jy laat dus nie toe dat iemand jou dwing om iets te doen teen jou sin nie en jy doen dit ook nie aan ander mense nie. | Vriende wat mekaar respekteer en toelaat om hul eie mening te gee. | Mymy noem aan Nienie dat sy vir haarself moet baklei en opstaan teen wat verkeerd is.<br>Nienie wat vir Moemamma beskerm toe sy dink Moepappa gaan haar in die water gooi. |
| **Humor:** | Om te verstaan wat grappig of snaaks is en daaroor te kan lag, die vermoë om die snaakse sy van dinge raak te sien.<br>'n Goeie sin vir humor verlig ook soms spanning en help mense deur moeilike tye.<br>Ons moet egter versigtig wees en nie ligsinnig wees nie, ook nie mense uitlag nie, maar moet kan verstaan dat goeie humor soms die beste medisyne is om die spanning te breek. | Vriende wat lekker saamlag wanneer iemand dalk in die verleentheid voel, soos wanneer iemand per ongeluk val en nie noodwendig seerkry nie, en almal lag lekker saam en help die ander een weer op.<br>Die een wat geval het voel nie so in die verleentheid nie en almal het mekaar gehelp en die spanning verlig. | Nienie wat vir Moepappa lekker lag toe hy in die water val. Hoewel Moepappa nie baie in sy skik was met alles nie, was hy tog bly dat Nienie se gesig sigbaar geword het. |
| **Geslagsgeweld:** | Dit kom voor wanneer mense seergemaak word op grond van hul geslag. Mans het gewoonlik sterker fisieke kragte as vroue.<br>Wanneer mans vir vroue slaan of seermaak, praat ons van geslagsgebaseerde geweld.<br>In Suid-Afrika het ons in Desember 'n bewusmakingsveldtog teen geslagsgebaseerde geweld. | Dit is wanneer daar veral teen meisies gediskrimineer word. Vroue of meisies word gesien as die swakker geslag en dan word hulle leed aangedoen of gedwing om dinge te doen wat hulle nie wil doen nie. Ons dink aan verkragting, gedwonge huwelike, seksuele misbruik. | Nienie is 'n dogtertjie wat mishandel en beledig word. |

MEMORANDUM

## SESSIE 9: AFWYKENDE SOSIALE GEDRAG – HANTERING EN VOORKOMING

Hoe kan ons dit aanspreek?

| Aksie vir hantering/ voorkoming | Uitkoms | Tipe behandeling |
|---|---|---|
| Rapporteer vroegtydig en betyds aan 'n volwassene as 'n ander persoon jou boelie/ volwassene jou mishandel. | Boelies/misdadigers is versigtiger as die slagoffer nie alleen is nie.<br><br>Slagoffer kry hulp van volwassene en dit skrik boelie/ misdadiger af. | Persone word verwys na erkende instansies soos Kindersorg of ander welsynsorganisasies, dokters, hospitale, maatskaplike werkers, sielkundiges en soms ook kerk-/ skool-organisasies. |
| Skep bewustheid van wat boeliegedrag/ kindermishandeling/ geslagsgebaseerde geweld is. | Bewustheid skep kennis en sodra iemand weet en verstaan wat verkeerd is, sal die saak vinniger aangespreek word. | Die persoon se trauma word behandel en hulle word versorg soos nodig, liggaamlik en sielkundig. |
| Moenie vriende word met boelies/ volwassenes wat ander mishandel nie. | Deur boelies/ misdadigers te vermy, kan jy verkeerde gedrag vermy. Negatiewe gedrag kan maklik aangeleer word as jy verkeerde vriende kies.<br><br>Grootmense wat negatiewe gedrag openbaar, sal jou leer om ook skelm op te tree.<br><br>Grootmense koop soms vir kinders lekkergoed om slegte geheime te bewaar. | Almal word geleer wat onaanvaarbare gedrag is, hierdie bewusmaking en begrip help die slagoffer en oortreder om onaanvaarbare gedrag te verstaan en te vermy.<br><br>Oortreders van geslagsgebaseerde geweld en mishandeling word ook wetlik vervolg. |

| Aksie vir hantering/ voorkoming | Uitkoms | Tipe behandeling |
|---|---|---|
| Wees selfversekerd en assertief. | Boelies/misdadigers sal nie so maklik kinders intimideer of afknou wat selfvertroue het nie. | Werk met programme vir die opbou van positiewe selfbeeld en selfaanvaarding. |
| Verstaan wat gesonde humor iis. | Leerders sal weet wanneer om vir mekaar te lag en ook hoe om met mekaar te lag om spanning te verlig. | Stel leerders bekend aan komedie en hoe dit op 'n gesonde wyse kan help om spanning te verlig.<br><br>Woon produksies by wat komedies vir kinders skep. |

MEMORANDUM

## ASSESSERINGSMATRIKS SESSIE 10 – RESENSIE

Matriks: resensie

| **Totaal: 20** | **4 – 5** (Uitstekend) 80% of meer | **3** (Goed) 60% | **2** (Aanvaarbaar) 40% | **1** (benodig ondersteuning) |
|---|---|---|---|---|
| **Totaal: 5** | **4 – 5** | **3** | **2** | **1** |
| **Formaat** | Reëls en formaat is baie goed toegepas | Reëls en formaat is redelik goed toegepas | Reëls en formaat is gedeeltelik toegepas | Reëls en formaat is geensins toegepas nie |
| **Totaal: 5** | **4 – 5** | **3** | **2** | **1** |
| **Inhoud** | Inhoud is voortdurend gepas, binne tema en gedetailleerd. | Inhoud is redelik gepas, binne tema en gedetailleerd. | Inhoud is gedeeltelik gepas, binne tema en gedetailleerd. | Inhoud is glad nie gepas, binne tema en gedetailleerd nie. |
| **Totaal: 5** | **4 – 5** | **3** | **2** | **1** |
| **Taal en styl** | Grammatika, woordeskat, toon, styl en register is byna foutloos. | Grammatika, woordeskat, toon, styl en register is redelik foutloos. | Grammatika, woordeskat, toon, styl en register het vele foute. | Grammatika, woordeskat, toon, styl en register word oorheers deur foute. |
| **Totaal: 5** | **4 – 5** | **3** | **2** | **1** |
| **Skryfwerk** | Resensie sal lesers beslis oortuig om die boek te koop. | Resensie sal lesers oortuig om die boek te koop. | Resensie sal lesers dalk oortuig om die boek te koop. | Resensie sal lesers beslis nie oortuig om die boek te koop nie. |
| **Totaal uit 20** | | | | |





## SESSIE 10 – LEESSPOED – WOORDTELLING VAN GEKOSE DEEL (PER PARAGRAAF EN OOK VIR DIE VOLLE TEKS)

Leestoets: Na-toets vir leesspoed en begrip

Gebruik die teks en opdrag soos in Sessie 2.